As **aftreesomme** nie klop nie

Hoeveel geld het jy nodig om te kan aftree en hoe lank gaan dit hou? Wondersomme en -produkte bestaan nie, sê Hein Kruger, Besturende Direkteur van Kruger Internasionaal. Ons moet eerder anders oor "aftrede" begin dink ...

Aftrede is 'n uitgediende konsep en hoe gouer mense dit aanvaar, hoe meer realisties sal hulle met hul spaargeld begin omgaan.

Mense wat nie wil aftree nie, wil steeds waarde tot die samelewing toevoeg. Dis dikwels ook dié wat steeds wil terugploeg en nie ophou of aftree nie, wat nooit oud word nie. Daarteenoor versnel veroudering merkbaar onder diegene wat aftree.

My ondervinding van meer as 30 jaar het getoon dat mense wat wil aftree, dit nie kan bekostig nie. Diegene wat dit kan bekostig, wil nie aftree nie en voeg die daad by die woord. Net sowat 5% van die Suid-Afrikaanse bevolking verdien genoeg om bo die belasting-inkomstedrempel te val en die voorreg te hê om inkomstebelasting te betaal. Dis waarskynlik dieselfde mense wat dit dalk sal kan oorweeg om af te tree.

GEEN WONDERSOM OF WAARBORG

Geen maatskappy of produk kan vir jou 'n genoegsame aftrede waarborg nie. Jy sal self moet spaar deur lewenslank minder uit te gee as wat jy verdien. Dit verg konsekwente deursettingsvermoë en selfdissipline oor 'n baie lang tyd – vandat jy begin werk tot wanneer jy nie meer die krag, gesondheid en verstandelike vermoë het om dit te doen nie.

Die wonder-beleggingsproduk of -ideologie om aftreesomme vir die meeste mense te laat klop is nog nie uitgevind nie.

Talle formules bestaan vir die "wondersom" om te sorg dat mense genoeg het om af te tree. Hulle wil altyd weet watter bedrag, of watter persentasie van hul inkomste, hulle maandeliks moet spaar om sorgvry te kan aftree. Ongelukkig ontwyk die regte antwoord hulle, want die antwoord kan nie tred hou met veranderende inflasie- en belastingwette en -koerse nie.

Daarby kan die meeste mense bloot nie deurlopend oor 'n lang tyd deursettingsvermoë en selfdissipline toepas nie.

> "Geen maatskappy of produk kan vir jou 'n genoegsame aftrede waarborg nie."

LEWENSVERWAGTING

In 1871 het die kanselier van Pruise, Otto von Bismarck, ná 'n oorlog van sewe jaar 26 Duitse deelstate as die nuwe Duitsland verenig. Tussen 1881 en 1889 het hy die eerste moderne staatspensioen in die wêreld tot stand gebring deur drie wette te implementeer.

- Die eerste was die Siekteversekeringswet van 1883 wat werkers in die nywerheidsektor gedek en mortaliteit help verlaag het.
- Die tweede wet was die Ongelukke-versekeringswet van 1884 wat in 1886 uitgebrei is om landbouwerkers in te sluit.
- Hierdie twee wette het die politieke omgewing voorberei op die Ouderdom-en-ongeskiktheidsversekeringswet van 1889 wat 'n maandelikse pensioen aan werkers bo 70 jaar sou uitbetaal.

Die staat se risiko was laag, want hoewel dié wet, anders as die vorige twee, alle werkers in alle sektore gedek het, was die lewensverwagting in die hele Europa 48 jaar. Net 'n klein persentasie werkers kon dus die vrug van aftrede pluk.

Die gemiddelde lewensverwagting ná die aftree-ouderdom van 70 was minder as een jaar. Die aftree-ouderdom is gedurende die Eerste Wêreldoorlog in 1916 tot 65 jaar verlaag. Weereens was die staat se risiko baie laag, want meer as twee miljoen Duitsers het in hierdie oorlog gesterf, meer as enige ander land ter wêreld.

Otto von Bismarck

Lewensverwagting by geboorte in Europa het al teen 1930 tot 58 jaar vir mans en 62 jaar vir vroue gestyg. Daarna het die Tweede Wêreldoorlog weer hierdie verwagting effens laat daal. Sedertdien het lewensverwagting in die Eerste Wêreld mettertyd vanweë statistieke, beter lewensomstandighede, voeding en moderne mediese dienste en medikasie tot sowat 84 jaar gestyg. Maar die aftree-ouderdom is steeds, soos 100 jaar gelede, 65 jaar.

Waar die aanvanklike aftreebeginsel dus was dat die ouderdom vir aftrede hoër as die algemene lewensverwagting is, het dit verander en lewensverwagting is nou bykans 20 jaar hoër as aftrede!

Mense se sienswyse het gevolglik ook verander van "werk totdat jy doodgaan" tot "ek gaan met betaalde vakansie totdat ek doodgaan". Dis vir 'n baie klein minderheid, ook in Suid-Afrika, beskore, want die somme klop nie. ▶

SPAAR VIR 'N NESEIER

'n Mens hoor gereeld dat mense deesdae hoër ouderdomme bereik. Maar is dit waar? Van die vroegste tye af het mense ouer as 100 geword, maar steeds nie veel ouer as sowat 115 jaar nie. Met steeds meer mense op aarde word die segment wat ouer word ook groter. Jou honderdtal raak al hoe waarskynliker, maar 135 en ouer bly wetenskaplike spekulasie.

Wat duidelik uit Bismarck se leiding blyk, is dat lewens- en ongeskiktheidsdekking 'n belangrike basis vorm, waarna spaar vir 'n neseier moet sorg dat iemand wat lank leef en dalk nie kan werk nie, genoeg vir sy of haar lewensonderhoud het.

Wat niemand vooraf vir 'n mens kan sê nie, is aan watter kant van hierdie statistiese lewensverwagting jy gaan beland – aan die kort of lang kant? Daarom moet jy beplan vir die lang kant – en selfs dít het veranderlikes.

MAATSTAF OM INKOMSTE TE BEPAAL

'n Gesonde maar ook veranderende maatstaf om inkomste mee te bepaal is 'n maandelikse onttrekking van R4 000 uit 'n R1 miljoen-belegging.

Dit beteken wanneer jy in jare met goeie kapitale beleggingsgroei minder onttrek as wat jou kapitaal groei, sal jy in die maer jare wanneer rentekoerse laag en kapitale groei ook onder druk is, oorgenoeg hê om van te leef deur steeds dié maatstaf toe te pas.

Die grootste probleem is dat mense hul onttrekkings uit hul neseiers by hul behoeftes wil aanpas, wat meestal eerder begeertes is. Dis uiteindelik die dood in die pot. Net soos jy lewenslank jou begrotingsuitgawes by jou begrotingsinkomste moet aanpas, moet jy ná aftrede jou inkomstetrekkings uit jou neseier by jou kapitaal aanpas.

> Die grootste probleem is dat mense hul onttrekkings uit hul neseiers by hul behoeftes wil aanpas, wat meestal eerder begeertes is.

— Hein Kruger, Besturende Direkteur van Kruger Internasionaal.

VERNIETIGING VAN KAPITAAL

Menslike gedrag verander al hoe moeiliker hoe ouer jy word. As jy lewenslank gewoond was om te oorbestee gaan jy kwalik in staat wees om op 60 of 65 te leer om binne jou vermoëns te leef.

Jy gaan dus steeds jou lewensnoodsaaklike kapitaal bly uitput en nie genoeg hê om van te leef nie. Trouens, jou oorbesteding voor jou aftrede is ook waarom jy nie genoeg het om mee af te tree nie.

BEGEERTES VERSUS BEHOEFTES

Skuld is nog 'n vernietiger van kapitaal. Hoe ouer jy is voordat jy van jou skuldlas en dus onnodige, negatiewe rente-uitvloei ontslae raak, hoe kleiner gaan jou neseier wees.

Verslawing aan duur motors is nog 'n slegte gewoonte (begeerte versus behoefte) wat moeilik afgeskud word, maar ook veroorsaak dat mense teen aftrede 'n groot potensiële tekort op hul neseier het.

Hierdie voorbeelde beïnvloed ook die besluit wanneer jy jou kantoordeur vir altyd toesluit. As jy nie genoeg het om met die toepassing van die maatstaf hier bo (R4 000/R1m) aan jou lewensnoodsaaklike behoeftes (nié begeertes nie) te voldoen nie, kan jy nie aftree nie.

Jou laaste vyf jaar se gemiddelde uitgawes vir lewensnoodsaaklike behoeftes behoort vir jou 'n aanduiding te wees.

Dis belangrik om te besef dat jou neseier in normale finansiële marktoestande in 'n gebalanseerde hoë-aandeleportefeulje elke vyf jaar min of meer behoort te verdubbel. Dit is veel hoër as inflasie. Maar dit kan die verskil tussen lewe en hongersnood wees as jy te vroeg of heelwat later en ouer aftree.

> Weghol-inflasie is 'n werklikheid in Afrika.

INFLASIE OF STYGING IN LEWENSKOSTE

Inflasie is onveranderlik omdat jy daarmee te doen gaan kry. Die veranderlike sy is die koers waarteen dit jou kapitale koopkrag gaan vernietig.

Ek verkies die term lewenskostestyging bo inflasie of verbruikersprysindeks (VPI). Mense vertel jou maklik hoe baie hulle 20 jaar gelede kon koop en hoe min hulle vandag met dieselfde bedrag kan koop. Weghol-inflasie is 'n werklikheid in Afrika.

Beleggingsgroei is slegs moontlik met reële groei – die groei oor 30 aaneenlopende jare bereken nadat die inflasiekoers oor dieselfde termyn afgetrek is.

Voeg hierby dat as jy op 25 begin werk en verdien het en 35 jaar later op 60 aftree, jy moet beplan om vir die volgende 35 jaar tot minstens die verwagte ouderdom van 95 te kan oorleef met die kapitaal wat jy oor 35 jaar bymekaargemaak het!

Enige positiewe aanpassing in jou denk-, leef- en bestedingswyse kan sake verbeter.

LAAT 'N MENS DINK ...

1. **OOR KOSTE:** Geen kankerlyer vra wie is die goedkoopste onkoloog nie; geen moordbeskuldigde vra wie is die goedkoopste prokureur nie. Goedkoop is duur koop. Streef eerder na kostedoeltreffendheid en balans.

2. **OOR AFTREEGELD:** Min mense wat wel aftree, kan bekostig om net met die inkomste uit hul pensioenfonds of aftreeprodukte af te tree. Die meeste mense moet ook 'n inkomste uit hul ander spaargeld verdien om kop bo water te hou.

3. **OOR AFTREE-PRODUKTE:** Die belastingvoordele wat jy kry om in aftreeprodukte te belê, word uiteindelik ná aftrede weer van jou herwin sodat die staat kan sorg vir die meeste mense wat nie kan bekostig om af te tree nie, maar ten volle afhanklik is van die staat vir hul medies, verblyf en kos.

4. **OOR VERHOUDINGS:** Wees goed vir jou kinders, want die kans is groot dat hulle nog eendag vir jou sal moet sorg ... B

Foto's Gallo Images/iStock, Wikipedia en verskaf